KENNUUS

TEL: 011 955 1074 / 1081 FAKS: 011 955 1075
Posbus 3100 Kenmare 1745
Webwerf: www.laerskoolkenmare.co.za

JAARGANG 6 NUUSBRIEF 7 (1ste) 24 FEBRUARIE 2011

UIT DIE HOOF SE PEN!

Baie dankie vir al die positiewe terugvoer oor ons droom om van Kenmare 'n boelievrye skool te maak. Ons weet egter almal, dat praat maklik is – die uitdaging lê in die doen en vasbyt, val en opstaan en volhard. Mag ons pragtige skoolleuse "MET DURF EN DAAD" ons voortdurend inspireer. Elders sluit ons 'n gediggie in wat Juf Hermine met haar Afrikaanse leerders in die klas behandel het. Neem as boek kennis van die volgende rakende boelies :

- *Kom ons tree daagliks vir ons skool in gebed in en dan ook vir hierdie veldtog in besonder.*
- *Neem kennis dat ons skoolkontrak en klaskamerplan voorsiening maak vir streng optrede teen kinders wat ernstige gedragsoortredings begaan.*
- *BOELIERY IS ONAANVAARBAAR!*
- *Personeel en leerlingleiers op terreindiens sal rondbeweeg en dus sigbaar wees om boeliery dadelik te stop waar dit gesien word.*
- *'n Kind wat ander boelie, oortree die een groot reël by die skool van RESPEK!*
- *Kinders wat skuldig is aan boeliery se ouers sal gekontak word en daar sal met die ouers gesprekvoering wees oor die hantering van die saak verder.*
- *In die Seniorfase gaan boeliery en die hantering daarvan ook deur die betrokke personeel hanteer word.*
- *Boelies gaan ondersteun word ten einde positiewe gedragsverandering te verseker.*
- *Hier is baie buite-kurrikulêre aktiwiteite by die skool – indien u kind nie aan iets deelneem nie – poog om hom/haar wel aan iets te laat deelneem.*
- *Wees bewus van watter TV-programme u kind kyk en watter rekenaar-speletjies hulle speel – geweld word al te dikwels hier as aanvaarbaar voorgehou – DIT IS BAIE GEVAARLIK !!!*

Sterkte vir 'n boelievrye week !

24 Februarie	*Donderdag*	***Geen Buitemuurse Aktiwiteite*** ***Tennis Jnr (14:00-15:00) Snr (15:00-16:00)*** ***Personeel Blits (14:00) (KDR)*** ***Atletiek: D2-Kampioenskappe te Libanon***
25 Februarie	*Vrydag*	***Toets: SW (Gr 4 – 7)*** ***Knikkiekoor (08:00-08:30)*** ***Pa & Seun Oorslaap***
26 Februarie	*Saterdag*	***ADD/ADHD Seminaar aangebied deur childwell Team (IN) (08:00-12:00) (Skoolsaal)***
27 Februarie	*Sondag*	
28 Februarie	*Maandag*	***RO-Klasse begin (IN)*** ***Rugby: Reëlbespreking en fiksheid (Monument Primary) (Mans)*** ***Tennis: Jnr (14:00-15:00) Snr (15:00-16:00)*** ***0/7 - Rugby begin*** ***GEEN Buite-Kurrikuleêr vir Gr 4 - 7***
1 Maart	*Dinsdag*	***Toets: NW (Gr 4-7)*** ***Book Buddies – GF – Tydens saalopening (R10 per kind) (MJ)*** ***Wiskunde Olimpiade Borgvorms uit*** ***Rugby- en Netbaloefening vir NIE-atlete*** ***0/7- & 0/8- Rugby Inligtingsaand (18:30) Skoolsaal***
2 Maart	*Woensdag*	***Koor: (Jnr Oefening 07:30 – 08:30)*** ***Rugby & Netbal vs L/s Fontainebleau (Tuis)***

ONDERRIGGELDE

Met hierdie skrywe wil ons baie, baie dankie sê aan ons staatmakerouers, wat die skoolgelde so getrou betaal. U maak dit vir ons moontlik om ons vele verpligtinge na te kom. Nogmaals dankie.

Daar is egter enkele ouers wat nog nie betaal het nie, ons vra u samewerking ook hier. Kontak so spoedig moontlik mev. Magda Senekal by die kantoor indien u probleme ondervind met die betaling.

In terme van Afdeling 39 van die SASA is ouers aanspreeklik om verpligte skoolgelde te betaal. Net weer die bankbesonderhede:

ABSA – KRUGERSDORP; TJEKREK.NO. 01099240152;
TAKKODE: 632 005; Naam: LAERSKOOL KENMARE,
meld asseblief die verwysingsnommer: (bv 3CRON04)

TENNIS

Tennis is 'n sport wat nie seisoengebonde is nie, en daarom oefen ons alreeds vanaf die eerste kwartaal om ons spanne reg te kry vir die derde kwartaal, wanneer ons liga speel. Enige leerder wat al tennis kan speel, is welkom om saam te kom oefen, dit maak nie saak waar jy afrigting kry nie. Die juniors wat in Graad 1 tot 5 is, oefen Maandae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00, die seniors wat in Graad 6 en 7 is, oefen vanaf 15:00 tot 16:00. Hierdie oefening is op die klub se bane, op die hoek van Waterford- en Clewstraat.

RUGBY – INLIGTINGSAAND : 0/7 & 0/8

'n Inligtingsaand word gehou vir die 0/7 & 0/8 rugbyseuns se ouers op Dinsdag, 1 Maart om 18:30 in die skoolsaal.

PERSONALIA

Verjaarsdag:

Baie geluk aan Juf. Petro Laidlaw met haar verjaarsdag (25/2). Ons wens haar 'n wonderlike geseënde jaar toe, vol liefde en vreugde!

Kursusse bygewoon by Distrik:

SW – J Joubert
LO – J Joubert & C vd Westhuizen
LTSM – M Mostert & M Senekal
GF – M Jooste
EBW – C vd Westhuizen

Daklekke, herstelwerk en onderhoud

Kontak vir Frik
082 897 7286

EkstraKlasse
Afrikaans,
Engels, Wiskunde
vir Gr 1-7.
Skakel Anelda Els by 082 787 3531

Tina Cowley
Reading Centre - Leessentrum

Ons kan spog met 'n 8% tot so hoog as 40% verbetering in ons studente se gemiddeld, deur die inskerping van die Gereedskap van die lewe...Lees

Verseker u kind se optimale ontwikkeling en skryf vandag in by ons Leessentrum in Helderkruin
Ons doen 'n wetenskaplike toets van die leerder se lees, daarom weet ons presies hoe om die probleem aan te spreek.

Wilma 072 913 0785 **Nelia 072 648 7066**

Toyota Xtra Cab Is Hier!

U uitnodiging om te toets bestuur!

Sanet Snyman
Monument Toyota West Rand
011-2793720 / 0823321551
Fax 0866 871 576 ssnyman@um.co.za

SKOOL-BOELIES

1 Hulle staan in groepies by die hek van die skool
2 Met laggende lywe en soek ...
3 Met die kleintjies, “swakkes” skoor

4 “Kom hier wurmpie”
5 sal hulle roep!
6 “wat het jy om te eet?
7 En hoe lyk dit met ‘n sweetie
8 Of het jy net ‘n toebie
9 Vir vandag?”

10 Ander dae kry hulle jou met pouse
11 En soek vinnig snoepiegeld ...
12 En daar in jou kouse
13 Vir die middag se melk
14 Die twintig rand geld

15 Die dik ou vaatjie van graad sewe
16 Het vandag weer op my boeke getrap
17 Ek wens ek kon hom klap!
18 Liewer kruip ek weg
19 Netnou dink meneer, ek is sleg ...

20 Meneer, hulle los my nie uit
21 Doen asseblief tog iets
22 Hulle maak my seer
23 My hart, my lyf
24 Ek kan nie meer!

Met apologie aan “Skymaster”

WAARDEVOLLE ITEMS BY DIE SKOOL?

Ons versoek graag ons leerders en ouers, om indien enigsins moontlik, geen waardevolle items, soos bv PSP's, selfone, kameras, ens skool toe te bring nie.

Sou dit onvermydelik wees om wel dié tipe items skool toe te bring, versoek ons dat leerders dit eerder vir veilige bewaring inhandig by hul registeronderwyser of by die dames in die administratiewe kantoor, totdat hul dit aan die einde van die skooldag kan afhaal. Die skool kan ongelukkig nie verantwoordelikheid aanvaar vir individuele leerders se eiendom wat op die perseel van die skool gebring word nie. Dit is dus op eie risiko dat leerders dit skool toe bring.

Ons wil egter 'n beroep op ons ouers doen, dat indien u sou opmerk dat u seun/dogter in besit is van iets wat u nie vir hom/haar gekoop het nie, om tog ondersoek in te stel na die herkoms daarvan. Daarmee insinueer ons nie dat u kind betrokke was of is by diefstal nie, maar kon dit dalk as *"geskenk"* by 'n maatjie gekry het, uit die ander maatjie se vrees dat hy/sy betrap sal word met die item(s) by hom/haar. U samewerking in die verband sal hoog op prys gestel word.

FREE ALARM SYSTEM

8 zone alarm kit installed from R499.00
NO Financial outlay for basic alarm equipment
FREE Maintenance with contract. Protection against home intrusion and burglary

- 24 hour armed response by Chubb
- 24 hour medical response
- Response to fire threats

This offer applies to new customers and is only valid in armed response service areas. Limited offer – subject to a 36 month Chubb rental service agreement. This life protection system valued at R4500.00 and installed for only R499.00 which consists of:

- 8 zone control panel
- Transformer
- Battery
- Siren
- Keypad
- 2 x Fixed panic buttons
- 2 x Passive infra-red detectors

You may also add to the basic system as required
CALL US TODAY!! WE WILL SECURE YOUR FAMILY, HOME & BUSINESS
Contact:Dirk Grobler
Tel: 011 664 8868 / Cell: 071 397 2933
WE WILL DONATE R100.00 FOR EVERY ALARM CONTRACT SIGNED BACK TO LAERSKOOL KENMARE
SAGEWISE SECURITY TEL: 011 664 8868

Chubb
A UTC Fire & Security Company

Heerlike Karoo-olywe te koop!

Groot- & Kleinmaat



Kontak:
Retha 082 566 2276
Kobus 082 806 7861

MySchool Travel
FlightSite Club Travel

The easy new way to raise funds for your school when you book flights, accommodation, car hire or travel packages.

MySchoolTravel.co.za is an all-in-one travel website. Search for the best deals on flights across all carriers, accommodation, car hire and holiday packages. Business or leisure. Book online and a percentage is donated back to your school.

Book now: www.MySchoolTravel.co.za or 087 351 5248

LAERSKOOL KENMARE SE GHOLFDAG
20 MEI 201

Ons gholfdag vind plaas 20 Mei 2011 op Krugersdorpse Gholfbaan.
Ons nooi ons ouers uit om deel te neem. Kostes soos volg:
'n Vierbal R1200.00
Die borg van 'n "nat"-gat R3000.00 (sluit 'n vierbal in)
Die borg van 'n "droë"-gat R1000.00 (Geen vierbal)

Kom geniet die dag saam met ons!
Kontak vir Juliet by die kantoor.

ONS LEERDERS VIER DIE "LIEFDE"!!!

Brief van ‘n kind…..



Liefde word nie gemeet aan die hoeveelheid geskenke wat julle vir my gee nie, maar op die manier waarop julle na my luister en my respekteer.

Moenie bang wees om ferm op te tree wanneer ek oortree nie. Ek verkies dit, want dit laat my veilig voel en leer my wat grense is.

Moet my asseblief nie voor ander mense teregwys, as julle dit kan help nie. Moenie my laat voel of my foute almal sonde is nie. Dit maak my waardestelsel deurmekaar. Ons almal maak foute. Moenie my altyd teen die gevolge van my besluite beskerm nie. Soms moet ek op die harde manier leer. Kan ons asseblief my gedrag nie in die hitte van die stryd bespreek nie, want om een of ander rede werk my ore dan nie baie goed nie... Moet asseblief nie net sanik nie. Hoe meer ek dit hoor, hoe minder luister ek.

Wees asseblief konsekwent. Reëls wat daagliks verander laat my my geloof in jul oordeel verloor. Partymaal doen ek dinge sonder om te dink en kan self nie so lekker my gedrag verduidelik nie. Ek doen nie altyd aspris dinge om julle seer te maak nie. Soms weet ek self nie waarom ek sekere dinge doen nie. Moenie my ontmoedig as ek vir julle vrae vra nie. As julle dit doen gaan ek ophou vrae vra en inligting op 'n ander plek soek. Moenie vir my vertel my vrese is ongegrond nie. Vir my is dit eg en julle kan nie veel daaraan doen om my te troos as julle dit nie verstaan nie.

Probeer om nie julself as perfek voor te hou nie. Die skok is te groot wanneer ek ontdek my ouers is feilbaar. Dis oukei om nie altyd reg te wees nie. Help my om die verskil tussen reg en verkeerd te leer ken. Vra my asseblief om verskoning as julle iets gedoen het wat verkeerd is.

Lei my eerder deur jul voorbeeld as om my met reëls toe te gooi.

Moet nooit beloftes maak wat julle nie kan nakom nie.

Ek is jammer vir alles wat ek soms sê wat julle seermaak en al die dinge wat ek graag wil doen, maar nog nie altyd regkry nie.

Lief vir julle!